KAMMANUUS
Nr. 406 5 Oktober 2015
'n Publikasie van Onsdorp.com

**TOULEIER** **Foto: Overberg**

# Die Yanks steek my in die pad

**Hoofstuk 2 Deel vi**

Die groot ding wat mens altyd moet onthou terwyl jy oorsee werk en woon, is dat jy 'n besoeker bly tot tyd en wyl jy permanente verblyfsreg verkry. Dis baie veiliger om maar liewer jou gevoelens en mening vir jouself te hou oor hoe dinge verskil van waaraan jy gewoond is.

Dink maar daaraan oor hoe jy voel wanneer toeriste Suid-Afrika kritiseer. Soos wanneer die Trônsvôlers Deetsemmer in die Kaap begin kla oor die wind en die min parkeerplek. Dan wil ons hulle sommer vertel waar hulle hul koffiemoer kan gaan uitgooi.

Party mense meen dat sodra jy belasting betaal, kan jy maar jou bek rek. Daar is egter goeie maniere en die gesonde verstand wat ons ouers ons geleer en gegee het en waarvoor ons steeds bekend is.

So bly 'n stil bek 'n heel bek en luister ek maar net as ons naweke saam met die Amerikaners braai. Veral wanneer hulle uitvaar teenoor die plaaslike bevolking en die Koreane uitkryt as arrogant en domastrant. Dit kos daardie tyd tande kners om nie iets te sê nie. Verbeel jou, Amerikaners wat ander mense arrogant noem!

Die Yankees se grootbaas roep my een braaisaterdagaand eenkant toe. Hy waarsku my dat as die Koreane nie baie vinnig hulle sokkies optrek nie, hy geen keuse gaan hê as om ons van die projek af te skop nie.

Die Maandag vertel ek ons projekbestuurder van die dreigement. Hy lag net selfversekerd en reken dit sal nooit kan gebeur nie. Hulle is blykbaar al voor-heen so gedreig en daar het niks van gekom nie. Dit sal dit die hulle te veel kos om nuwe kontrakteurs aan te stel. Boonop is ek mos nou ook daar en maak ons baie goeie vordering.

Twee weke later gaan kuier ek en Kamermaatjie in Hongkong by vriende en op pad terug doen ons sommer die maand se inkopies in Manilla. Ons is vrot van die griep en terug in die kamp raak ons bedlêend. Selfs die kopkrimpdokter se muti wil nie dié keer werk nie.

Vroeg die tweede oggend is daar 'n gehamer aan die voordeur, klink of hulle dit wil afbreek. Ek strompel deur toe. Dis twee vreemdelinge in sekuriteitsuniforms. Ek moet dadelik aantrek en my kantoor gaan ontruim. Annabelle kry ook net twee ure om te pak. Ons moes toe ons hele maand se proviandnet so daar los. Die Amerikaners maak toe soos hulle gedreig het, hulle gooi ons van terrein af.

By die kantore dwaal die verdwaasde Koreane soos slaapwandelaars rond. Hulle kan nie glo wat met hulle gebeur nie. Daar staan reeds 'n klomp busse gereed om ons te laai. Onder die wakende oë van een van die wagte mag ek net my eie persoonlike eiendom uit die kantoor neem. Ek kry darem kans om my baas in Hongkong te kontak en hy reël inderhaas vir ons 'n blyplek in Manilla terwyl hy probeer om ons weer terug te kry op die projek.

Dié keer bly ons nie weer in die vyfsterhotel nie. Ons trek by 'n losieshuis in die agterstrate van Manilla in. Hier sien ons die werklike Manilla, hoe beknop en opmekaar almal leef. Hoe elke hoekie en gaatjie benut en bewoon word. Wat my die meeste beïndruk het, was dat ondanks die baie duidelike en sigbare armoede, daar steeds 'n glimlag op meeste se gesigte was.

Tien dae later laat weet die baas daar is geen meer salf aan Casecnan te smeer nie, ons moet maar terugkom Hongkong toe.

**Hennie Greeff**
**Doha, Katar**
**UITGEWER pos@onsdorp.com**

# Om die kampvuur

## Boeta, was hulle VERKEERD! (2)

**"Ek moet erken dat my verbeelding weier om enige soort duikboot te sien waarin sy bemanning nie sal versmoor nie."**
**- HG Wells, Britse romanskrywer, 1901**

## Nog idiome

**'n Meisie skuinsoor sny.** Maak asof 'n meisie jou meisie is voordat sy dit regtig is. (Soos 'n mens skape of beeste merk.)

**Semels knoop.** Oor nietighede stry.

**Die snotpsalm aanhef.** Aan die huil gaan.

## Limeriek

"Og, broer," sê dominee Ogbroer,
"Daar's broeders wat loop en spog, broer:
'Baas in die huis,
'Vrou in die kombuis' –
"Maar helaas, ek seg u, dis bog, broer!"

**- Dirk Kamfer**

## Kan jy dít nou oorvertel?!

## Watse ding is negosie?

'n Jong lat vra op 'n taalforum waar die woord negosiewinkel vandaan kom - wat is negosie?
Dit was mos die ou General Dealer, wat alles van seep tot suiker en pruimtwak aangehou het. En jy kon goedere vir geld gebruik.
My oupa het ook sulke ruiltransaksies met die ou Indiërwinkelier net buite Leeudoringstad aangegaan as hy so tweemaal 'n maand met die perdekar dorp toe gegaan het.
Op die kar was eiers, miskien 'n paar hoenders, 'n gesoute skaapvel of twee en nog wat as ruilware. Daarvoor het hy 'n kwitansie gekry wat bekend was as 'n 'Good for'. Daarmee het hy dan suiker, sout, koffiepitte, miskien 'n botteltjie Vicks of kasterolie gevat. En pruimtwak of snuif vir ouma.

**Wie van julle onthou sulke winkeltjies? Vertel! Rig dit aan vryskut@spektrum.co.za**

## ONTHOU JULLE NOG?

Onthou julle nog die dae toe daar 'n betroubare posdiens was?
Toe briewe in jou posbus afgelewer is sonder die eindelose stroom gemorspos waarmee al wat winkel is jou oorstroom?

gratis nuus in afrikaans
maroela media
afrikaanse nuus- en kuierplek
En daar is BAIE MEER as net nuus! www.maroelamedia.co.za

# Duskantlander in Anderkantland

## Ver plekke en vreemde bekendes

**Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana**

Al ooit gewonder hoekom nuwe getroudes op wittebrood 'weggaan' na 'n vreemde plek? Dis sodat hulle vreemde grille na vore kan kom en die huwelik se gestryery in alle erns kan begin! Akkra het sy eie versameling mense wat heeltemal buite karakter optree.

Swembad chloorpille kan jy maar afdruk, maar dis 'n kwessie van tyd – daai vreemde goete bly boontoe dryf en borrel. Vreemde plekke laat die vreemdheid van mense na bo borrel.

Sy is 'n boeremeisie van 'n klein dorpie Deben – net anderkant Kathu, in Suid-Afrika. Daar noem hulle haar **Meisie,** maar hier in Akkra dring sy aan om Maro-Zelle genoem te word. Net gister was sy krummels en vandag is sy brood! Haar man is die kalmte vanself – hul sprokie lui ietsie soos skoonlief en ondier. Ek weet nie of hulle twee jaar huwelik dit op die lang soutpad gaan maak nie, want hy word boosaardig aggressief van wingerdsap.

**Johannes** en sy vrou is van die Suidkus. Gedink al daai mense is Engels, maar as hul monde oopgaan besef jy hierdie twee is deurnat eg Afrikaans. Sy het die een na die ander kamtige skeet. Ek dink sy smag na die 'andersheid' van hierdie vreemde dokters. Of miskien raak sy opgewonde oor die aanraking van vreemdes? Sy wil so ernstig as Engels opgeneem te word dat sy vir mense vertel haar pa is 'n Katolieke Priester! Seker die mees Engelse ding wat sy kon uitdink; die Katolieke ding?

**Miems** is blykbaar nie ene vir familiedrama nie. Pas nadat sy hier aangekom het, het sy Bakkiesboek en sosiale media ontdek. Heeldag se ding; die elektroniese-bekruip-en-beloer wat sy aanvang. Ook nie gister onder 'n eend uitgebroei nie. Sy het vir haar 'n ander profiel geskep en haar enkellopende suster wil nou met alle geweld die 'ander' persoon ontmoet wat nou sodanig in almal 'belangstel'.

As gevolg van te min belangstelling is **Nolene en Antoon** net die anderdag wettiglik doei kant in die Republiek van mekaar en bed vervreem. Eensklaps kom kuier sy in vakansietyd met die minderjarige kindertjies vir Antoon wat nou so hard werk in die vreemde Akkra. Seker iets in hierdie vreemde bloedige hitte, want sy herontdek Antoon se Adamslyf. Die liefde loop stormsterk. Antoon raak meer vreemd by die dag – hy boek af by die werk en die sieknota lees "uitputting".

Ek ken iemand wat mooie **Monika** geken het voordat sy hierheen getrek het nie. Sy was lieftallig, erg kerklik en sou geen vliegie skaad nie. Hier vermy almal wat haar ontmoet se tweede ontmoeting. Sy het oornag kwaad geword vir die hele wêreld. As sy nog nie kwaad is nie, kan sy enige oomblik baie kwaad word. Terug op *Krugersdorp* is sy weer die kalm, lieftallige Monika vanvoorheen.

**Ramatla** is 'n rissiepit Sotho vrou in haar dertigs. In Johannesburg was sy 'n regte tierwyfie wat as direkteur drie van haar eie firmas bedryf het. Haar naam beteken immers "sterkte", maar hier in Akkra is sy hulpeloos soos 'n voëltjie met 'n gebreekte vlerk. Sy kan nou skielik niks vir haarself doen nie en irriteer almal met haar patetiese houding.

Nou die dag het ek gaan tee drink by **Belinda**. Sy is wel gesproke, diep geleerd en effe onaktief. In haar sitkamer is yslike kleurfotos van 'n sportmal persoon wat rotsklim en valskermspring. Daar wens ek toe ek het 'n suster wat so geheg aan my is. Hul lyfies verskil met veertig kilogram. Stel jou voor my verbasing toe ek verneem na haar fietse suster in al die foto's– en sy my vertel dis eintlik sy, vyftien maande vantevore!

Intussen het ek 'n lys gemaak van mense wat weer hulle ou self geword het na die wittebrood se snaakse gedrag. My gevolgtrekking is dat hulle net vreemder word soos die jare aanstap. Trek dus vas die sitplekgordels, daar's interessante tye en aardighede wat in ons toekoms in Akkra voorlê!

'n Mens leer baie dinge wanneer jy jonk is, maar pas die kennis eers toe wanneer jy oud is.

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

**"Moenie moeite doen met kos nie – ek het sommer iets by McDonalds gekry."**

## WINTERSOGGEND

Mary van Ierland teks haar man op 'n koue oggend in die winter:

"Windows frozen."

Paddy teks terug:
"Pour some luke-warm water over and wipe dry."

Mary het gemaak soos hy sê en laat weet:
"Computer now totally screwed."

## SIMPATIEKE SKOT

'n Simpatieke Skotse eggenoot was besig om sy jas aan te trek net voordat hy sy pad na die naaste kroeg sal vind.
Hy het na sy vrou gedraai en gesê:
"Maggie, jy moet jou jas aantrek."
"Haai, Jock," antwoord sy. 'Dis gaaf van jou! Vat jy my saam met jou kroeg toe?"
"Nee," sê hy. "Ek is op pad en ek gaan nou die verwarmer afskakel voordat ek loop."

## SONDER STINGEL

So 'n paar jaar gelede is ek by 'n motorhawe op Zeerust.

Daar staan 'n vrou wat hul vierwielaangedrewe voertuig ingebring het. Hulle vertrek oor 'n week met vakansie en die motorwerktuigkundige moet die voertuig deurgaan om te sien of alles nog reg is.

Hy kom toe ná die ondersoek na haar toe en sê:
"Mevroutjie, Dit en dat kort bietjie aandag, maar dit behoort nie probleme te veroorsaak nie.

"Dié en dáárdie sal vervang moet word. Verstaan jy? Weet jy waarvan ek praat"?

Sy kyk hom so uit die hoogte aan en sê:
"Ek is nie 'n pampoen nie - ek het nie 'n stingel nie!"

## HOE ANDERS?

"Wat is die nut van 'n treinskedule as die treine altyd laat is?" kla 'n geïrriteerde passasier teenoor die spoorweg-ingenieur.
Sy verweer is toe:
"Hoe sou ons weet dat die treine laat is as ons het nie 'n skedule gehad het nie?"

## NAGTELIKE LESING

Karel word die nag om tweeuur deur die polisieman in die straat gestop.

"En waarheen is jy hierdie tyd van die nag op pad?"

"O," sê Karel, "ek is op pad na 'n lesing oor alkoholmisbruik en die effek daarvan op die menslike liggaam. En oorlaat uitbly en rook."

"Regtig? Wie gee hierdie tyd van die nag sulke lesings?"

Karel: "Dit sal my vrou wees."

Demokrasie moet meer wees as twee wolwe en 'n skaap wat besluit wat hulle vir aandete gaan eet. - James Bovard

**BC** deur Parker

# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak

## DODELIKE TERME WAT VROUE GEBRUIK

**GOED:** Dis die woord wat vroue gebruik om 'n argment te beëindig wanneer sy weet sy is reg en jy moet stilbly.

**NIKS:** Beteken iets en dat jy baie bekommerd moet wees.

**GAAN VOORT:** Dis 'n uitdaging, nie toestemming nie, en moenie dit doen nie.

**WAT OOK AL:** 'n Vrou se manier om te sê bogger jou.

**DIS OUKEI:** Sy is besig om lank en hard te dink wanneer sy jou vir jou fout gaan laat betaal.

**BONUSWOORD: SJOE!:** Dis nie 'n kompliment nie, sy is net verstom dat een mens so onnosel kan wees.

Die man se seun het in Londen by hom gaan kuier. Met sy aankoms was sy pa reeds op nagskof. Nadat hy gestort en skoon aangetrek het, bel hy sy pa.

"Pa, glo jy in spoke?"

"Daar is nie so iets nie."

"Ek is ernstig. Het pa nog nooit 'n spook gesien nie?"

"Nee, man watse simpel vraag is dit?"

"Want Pa se huishulp het gesê daar is 'n spook in die huis."

"Seun, in daai geval moet jy jou tasse pak en wegkom.

"Hoekom, Pa?"

"Want ek het nie 'n huishulp nie!"

## Drie geestelikes daag mekaar uit

'n Katolieke priester, 'n Babtis en 'n Rabbi was almal kapelane by die Universiteit van Maine. Hulle het twee of drie keer per week saam koffie gedrink en gesels.

Eendag sê iemand dis nie moeilik om vir mense te preek nie; dit sal baie moeiliker wees om vir 'n beer te preek.

Een ding op die ander en hulle besluit op 'n eksperiment. Hulle sal in die woud gaan, 'n beer kry en vir hom preek in 'n poging om hom tot hul geloof oor te haal.

'n Week later vergader hulle om van hul ervarings te vertel.

Vader Flannerty was eerste. Sy arm was in 'n hangverband en hy het verskeie ander verbande en pleisters gehad en met krukke geloop.

"Wel," sê hy, "ek het 'n beer in die woud gekry en begin om hom van die kategismes voor te lees. Hy wou niks met my te doen hê nie en het begin om my rond te klap.

"Toe gryp ek my heilige water en besprinkel hom en – heilige moeder van God – hy kom aanstaande week vir sy aanneming!"

Dominee Bille Bob, die Baptis, was volgende aan die beurt. Hy was in 'n rolstoel, sy een arm en albei bene was in gips en hy was aan 'n drup gekoppel.

In sy beste vuur-en-donder-retoriek het hy uitgeroep: "Well, broers, julle weet Baptiste het nie heilige water nie. Ek het 'n beer gekry en vir hom uit die heilige woord van God begin voorlees, maar hy wou niks met my te doen hê nie.

"Toe hou ek hom vas en begin stoei, bult op en bultaf totdat ons by 'n waterstroom kom. Ek het hom toe onder die water gedruk en sy harige siel gedoop. En nes julle, het hy so mak soos 'n lam geword."

"Ons het die res van die tyd gebruik om Jesus te loof. Hallelujah!"

Die priester en die dominee kyk toe af na die rabbi, wat in 'n hospitaalbed lê.

Die rabbi het opgekyk en gesê: "Wel, miskien was die besnydenis nie die beste manier om te begin nie . . ."

# 2015

**Die Stella Awards is vernoem na die 81-jarige Stella Liebeck wat baie warm koffie op haarself gestort het terwyl sy besig was om te bestuur.**

**Sy het McDonalds suksesvol hof toe geneem en het skadevergoeding van $1 miljoen gekry.**

**Die prys is ter ere van gulsige opportuniste, beuselagtige hofsake en dryf die spot met die Amerikaanse hofstelsel.**

**Ons het verlede keer die 7de tot die 4de plek bekend gemaak. Hier is die top pryswenners:**

## DERDE PLEK

**Amber Carson** van Lancaster, Pennsilvanië het $113 500 as vergoeding ontvang nadat sy op gestorte koeldrank op die vloer gegly en haar stuitjiebeen gebreek het.
Dit klink redelik, totdat jy weet hoekom daar koeldrank op die vloer was:
Me. Carson en haar kêreld het 30 sekondes vroeër 'n hewige argument gehad en sy het haar glas vol koeldrank na hom gegooi.

## TWEEDE PLEK

**Kara Walton** van Claymont, Delaware het 'n nagklubeienaar gedagvaar omdat sy van die badkamervenster op die vloer geval en haar twee voortande uitgestamp het.
Hoewel me. Walton probeer het om deur die badkamervenster te ontsnap sonder om haar plekgeld van $3.50 te betaal, het die jurie besluit die eienaar moet haar met $12 000 dollar vergoed. Hy moes natuurlik ook haar tandartskoste betaal.

## EERSTE PLEK - briljant!

Die eerste prys is gewen deur **mev. Merv Grazinski** van Oklahoma City. Sy het 'n tien meter lange Winnebago motorhuis gekoop en op haar eerste rit huis toe ná 'n voetbalwedstryd het sy die spoedkontrole op die snelweg op 70 m.p.u. gestel en agtertoe gestap om 'n toebroodjie te maak.
Natuurlik het die motorhuis die snelweg verlaat en omgeslaan.
Natuurlik het mev. Grazinski Winnebago gedagvaar omdat die handleiding nie gesê het dat sy agter die stuurwiel moet bly sit nie.
Oklahoma se jurie het . . .
SIT JY?
HAAL DIEP ASEM!
. . . beslis dat sy $1 750 000 vergoeding PLUS 'n nuwe motorhuis moet ontvang.
As gevolg van die uitspraak het Winnebago ook besluit om hul handleiding aan te pas, net in geval mev. Grazinski familie het wat ook 'n motorhuis wil koop.

As jy die slag gelukkig is – en dit gebeur nogal baie – is die SA Polisie eerste by die ongelukstoneel.

# Stamboom

## Help ons familiesoekers

**BRITZ**
marileepotgietersonita@gmail.com
Wil net weet waar die familienaam Britz vandaan kom.
**CRONJE** abigailsteyn0@gmail.com
Alle inligting oor Generaal Pieter Arnoldus Cronje, sy vrou en kinders asseblief.
**ELOFF** E pos: riekie31@mobileemail.vodafonesa.co.za
Ek soek nog na die Eloff kinders wat in 1950 weeshuis toe is. Hulle was van Colesberg afkomstig. Hulle sussie, Barabra Susarra is dadelik aangeneem deur Gouws familie. Die boetie en sussie is in 'n weeshuis gesit. Vermoedelik in die Vrystaat êrens. Ek ken nie hulle name nie. Net die jaar 1950 en die van Eloff.
**HUDSON** Julianag283@gmail.com
Kan alle Hudson-familie van Heilbron my asseblief kontak. Ek is besig om die stamboom saam te stel.
**MARAIS** francois.marais@avengrail.com
Ek is Francois. My pa was David Johannes Marais en is oorlede Mei 1991. Ek weet niks van ons familie nie. Is daar dalk iemand wat kan help?
**SCHOEMAN** pjaschoeman@mweb.co.za
Ek is in die proses om 'n boek die lig te laat sien oor 'n tak van die Schoeman-familie. Dit is afstamelinge van Daniel Joachem Schoeman en fokus op 'n vertakking waar die name Petrus Johannes Arnoldus gebruik was asook die Rossouw familie van Bonthoek en Maartens van Griekwaland Oos wat verwant is. Verskeie staaltjies is ook opgeteken. Indien jy in so boek belangstel kontak my asseblief by bogenoemde e-posadres.
**SLABBERTS** outset31@gmail.com
Addisioneel: Hermanus Nicolaas Slabberts.
**SLABBERTS** toph@telkomsa.net
**WOLMARANS** sisteresme@gmail.com
David Jacobus Wolmarans 2915-1915-1997. Ma Schoeman. Pa Koos Wolmarans. Hy was 1 van 9 kinders. Sarel, Kerneels, Annetjie, Corrie, Sussie, Hansie, Theodorus en Koos . Enige inligting wat kan help om voorouers se inligting te bekom?

# Arabiese dokter genees Ahmed

Ahmed het uit Kaïro na die VSA gegaan. Ná 'n paar maande het hy baie siek geword, maar nie een van die Amerikaanse dokters kon hom genees nie. Einde ten laaste besoek hy 'n Arabiese dokter.

"Vat hierdie emmer," sê die dokter, "gaan toilet toe en bollie in die emmer. Dan piepie jy op die bollie. Sit dan 'n handdoek oor jou kop en die emmer en ruik die gasse tien minute lank."

Ahmed kom terug en val die dokter amper om die hals.
"Dit het gewerk!" jubel hy. "Ek voel weer honderd persent! Wat het my makeer?"

"Ag," sê die dokter, "jy het net baie erg huis toe verlang."

# Waarheid en fiksie

Soms is die waarheid vreemder as fantasie, soos met 'n inbraak in Fort Lauderdale, Amerika. Niks is gesteel nie – nie die plasma TV nie, ook nie die Rolex-horlosie of enigiets van waarde nie behalwe 'n wit boksie vol gryserige wit poeier.
Die slagoffer het op TV met die inbrekers gepleit: "Bring asseblief die as van my suster terug. Sy het drie jaar gelede gesterf."
Die volgende oggend het die lyk van 'n dwelmhandelaar bekend as Hoochie Pevens vol koeëlwonde op sy voorstoep gelê, met 'n nota:
"Hoochie het ons verneuk en ons het hom reggesien. Jammer dat ons jou suster gesnuif het. Geen kwade gevoelens nie. Geniet die dag."

**As jy iemand anders se kers doodblaas laat dit joune nie helderder skyn nie**

# 'n Brief van 'n Zimbabwiër oor die lewe in Afrika

Ek het gister net $20 in my sak gehad, maar ek het tog besluit om aan te trek en na die Meikles Hotel te gaan.

Ek het by 'n tafel wat pragtig gedek is in die La Fontanne restaurant gaan sit en 'n sewegangmaaltyd bestel.

Die fillet mignons was ongelooflik lekker, saam met 'n Suid-Afrikaanse shiraz van 1975.

Later het my rekening opgedaag, maar ek het ewe terloops aan die kelner gesê ek kan nie die $465 beskostig nie en dat ek eintlik geen geld het nie.
Om 'n lang storie kort te maak is die hotelbestuurder geroep en hy het my aan die sentrale tak van die ZRP-polisie uitgelewer.

Op pad na die polisiekantoor het ek die konstabel $10 aangebied. Hy was waarlik beïndruk dat ek soveel geld het en het my dadelik vrygelaat.

In Zimbabwe noem ons dit Verstandige Fiskale Bestuur.

# Moet liewer nie met oumense sukkel nie

Ek het gister 'n afspraak met 'n uroloog gehad vir 'n prostaatondersoek. Ek was natuurlik taamlik bekommerd oor die uitslag.

Die wagkamer was vol pasiënte. Toe ek na die ontvangsdame gaan, het ek opgelet dat sy 'n groot, onvriendelike vrou was wat gelyk het op sy vir die Spoorweë teen Noorwee kan stoei.

Ek het haar my naam gegee.

Sy sê toe in 'n harde, ongeskikte stem: "JA, JY IS OP MY LYS. JY KOM DIE DOKTER OOR IMPOTENSIE SPREEK, REG?"

Al die pasiënte in die wagkamer se koppe het opgeruk en hulle het na my gestaar.

Ek was baie verleë, maar ek het, soos gewoonlik, vinnig herstel en haar in 'n ewe luide stem geantwoord:

"NEE, EK KOM DOEN NAVRAAG DOEN OOR DIE OPERASIE WAT MY GESLAG GAAN VERANDER. MAAR EK WIL NIE DIESELFDE DOKTER HÊ WAT 'N GEMORS VAN JOUNE GEMAAK HET NIE."

Die mense in die wagkamer het in luide applous uitgebars.

**Moenie met ou mense wat afgetree is sukkel nie.**

# AGTEROS

## Net voor uitspantyd

> Soms is dit moeilik om 'n ervaring wat jou diep geraak het, onderwoorde te bring.
>
> Deur DANA SNYMAN

**VOORWOORD DEUR DIE SKRYWER**

Ek is tans op 'n soort rugbyreis deur die land - 'n reis wat alles met rugby te doen het, maar ook niks met rugby te doen het nie. Ek het gister saam met Trevor Nyakane, die Springbokstut, se familie na die wedstryd gekyk. Hierdie is 'n paar aantekeninge wat ek vroegoggend gemaak het. Ek wil dit nog verwerk tot iets meer betekenisvol en minder sentimenteel.

No problem, sê Lerato agter die toonbank in die Gravelotte-kafee. Sy sal Trevor se pa se nommer vir my kry. Sy tel haar selfoon, 'n ou Nokia, langs die kasregister op en bel iemand. 'n Lang gesprek volg. Al woord wat ek verstaan is Nyakane.

Daarna bel sy nog 'n nommer, en nog een. Sy skryf die nommer op 'n servet neer en gee dit vir my.

– *You phone him now. We call him Uncle Norman.*

Dis net ná twee die middag, en die waaier met die wye, wit arms teen die kafee se dak veg vergeefs teen die hitte. Dis 30 grade plus. Skuins oorkant die straat is 'n slaghuis en 'n drankwinkel. Gravelotte se sakekern.

Uncle Norman antwoord in 'n sagte stem. Ek verduidelik vir hom wie ek is en dat ek 'n rugbyboek skryf. Sal hy omgee as ek vanmiddag se wedstryd saam met hom kom kyk?

– *Please. Come. I'll show you the real truth.*

Kan ek vleis saambring, dan braai ons? vra ek. En sal hy iets drink?

– *Yes, yes. I drink Amstel.*

Trevor is hier op Gravelotte, tussen Letsitele en Phalaborwa, gebore. Hy was ook in die Laerskool Gravelotte. Ek ry soos Uncle Norman verduidelik het: links hier, regs daar. Later is ek in 'n klein township naby 'n myn.

Uncle Norman staan in 'n Springboktrui voor 'n huisie met 'n kaal voortuin. Agterop die trui is 'n nommer 17. Trevor het sy eerste toetswedstyd in daardie trui gespeel.

Langs die voordeur is 'n hen-en-kuikens in 'n asbesbak. Nee, nee, beduie Uncle Norman toe ek voor die deur wil parkeer. Ek moet na die agterkant van die huisie ry. Hy het spesiaal sy ou Hillux-bakkie onder die ietwat verslete afdak uitgetrek sodat ek daar kan stilhou.

Die huis het vier vertrekke. Teen die muur hang foto van Trevor in sy Springboktrui, geraam in een van hierdie goedkoop rame wat jy by 'n China Shop koop. Op 'n ander foto frons biskop Lekganjane, leier van die Zion Christian Church.

'n Groot vrou kom uit die kombuisie. Sy kan nie Engels of Afrikaans praat nie. Dis tannie Agnes, Trevor se stiefma. Trevor se ma is oorlede toe hy nog op skool was.

Uncle Norman gaan sit op die bank en vertel hoe ds. Jan Truter, 'n Hervormde predikant van Letsitele, vir Trevor sien rugby speel het toe Trevor in standerd 2 was. Later is Trevor met ds. Jan se hulp na die Hoërskool Ben Vorster op Tzaneen toe.

Vanmiddag speel Trevor doer ver anderkant die water vir die Springbokke.

*– You should see his watch. I think it cost seven thousand.*

Uncle Norman was 'n hekwag en 'n kantoorassistent by die myn, maar is nou afgetree. Ons gaan nie die rugby hier kyk nie, beduie hy. Ons gaan by Trevor se susters, Abigail en Rhulani, na die wedstryd kyk. Op die big screen.

Ons skommel deur skote en oor klippe, deur Afrika, deur die township, in die ou Hilux, tot by die mynhuis waarin Abigail en Rhulani woon. Abigail en Rhulani het ook Springboktruieaan, elkeen met 'n nommer 17 op die rug. Hul hondjie Chico begin dadelik vreeslik vir my blaf. Blaf, blaf, blaf, terwyl almal hom probeer silmaak, en verlee verskoning oor die geblaf vra.

Ek wil nie sulke dinge dink nie, maar ek kan myself nie help om te wonder nie: Blaf Chico dalk so vir my omdat hy nie dikwels wit mense op hierdie werf sien nie?

In die kombuis is 'n nuwe yskas. In die sitkamer is 'n nuwe grootskerm-TV. In die een slaapkamer staan 'n nuwe oefenfiets. Teen die sitkamermuur, byna soos 'n klein huisaltaar, hang die Springbokvlaggie wat Trevor twee jaar gelede ná sy eerste toetswedstryd gekry het onder 'n foto van sy oorlede ma.

Abigail en Rhulani staan op aandag toe die Volkslied speel en sing hard saam.

Dan is dit die afskop, en dan … In die volgende twee ure gebeur 'n klomp dinge – dinge wat ek nog rustig sal moet oordink. Soms is dit moeilik om 'n ervaring wat jou diep geraak het, onder woorde te bring.

Dis nog net beelde en stemme in my kop. Rhulani praat:

*– There is only one Christmas in a year. Last week was Japan's Christmas. No gifts today. The Bokke must win.*

Uncle Norman gaan haal vir ons elkeen nog 'n Amstel. Pla die musiekte jou nie? vra hy vir my. In Afrikaans. Die eerste Afrikaans wat hy die hele middag praat. Hy en die ander praat Sjangaan met mekaar, maar kort-kort hoor ek 'n speler se naam: Habana, Matfield, Pollard,

Le Roux – name wat soos katoë skitter op die donker, onbekende pad waarop ek is, sê ek vir myself. Strauss, Pietersen…

Rustyd gaan steek ek en Abigail die vuur aan in die klein braaier agter in die jaart. Chico storm weer op my af en begin blaf, totdat Uncle Norman hom optel en in 'n kamer gaan toemaak.

Toe is dit die tweede helfte, en toe die 22 ste minuut van die tweede helfte; en toe, skielik, is hy op die skerm, Trevor Nyakane, hulle Trevor, Nommer 17.

Uncle Norman leun oor en sit sy hand vlugtig op my skouer, asof hy wil seker maak ek sien dit. Abigail en Rhulani kom regop en roep: Buti! Buti!

Tannie Agnes waai met albei hande vir die skerm, en ek… begin huil. Fok, fok, fok, sê ek vir myself. Dis was net twee Amstels, jy is pateties sentimenteel. Dis net 'n gewone gesin wat bly is omdat een van hulle vir die Springbokke speel; en tog, terselfdertyd, besef ek party gewone dinge is nie gewoon in hierdie land nie.

Laataand ry ek terug in Tzaneen se rigting, in stilte, onder die sterre deur. My selfoon piep. Dis Uncle Norman. Hy wil net weet of ek veilig ry. Ek hou langs die pad stil en ons gesels 'n rukkie in die donker. En hy groet:

*– Onthou net, Trevor se regte naam is Ntando - Ntando wat seëning beteken.*